

Matteus 5

Matteus 5:1-12

Mat 5:1 En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom gekom;

Mat 5:2 en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê:

Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Mat 5:4 Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.

Mat 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.

Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

Mat 5:9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

Mat 5:10 Salig is die wat vervolgd word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Mat 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolgd en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.

Mat 5:12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolgd wat voor julle gewees het.

Vers 1 en 2

Wie tree hier hoofsaaklik op?

Jesus leer die skare? (1-2)

Waar kom hierdie skare vandaan?

Hulle kom uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en oorkant die Jordaan (4:25)

Waarom het 'n skare na Jesus toegekom?

Hy het in die hele Judea rondgegaan en die mense in die sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees (4:23)

Van waar het die skare nog gekom?

Toe die gerug aangaande Jesus oor die hele Sirië (dit is buite Israel se grense) versprei het, het ook mense uit die streke siekes na Hom gebring (4:24)

Wat weet ons nog van die skare?

Baie van hulle was gekwel deur allerhande siektes en pyne en wat van duiwels besete was en maansiekes en verlamdes (4:24)

Wat het Jesus gedoen?

Hy het op die berg geklim toe Hy die skare sien en Hy het gaan sit en sy dissipels het na Hom toe gekom (1)

Wat het Jesus verder gedoen?

Hy het die dissipels geleer (2)

Wie is die dissipels?

Dit is die vier dissipels wat Hy geroep het – Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes – sowel as die skare mense wat na Hom toe gekom het met hulle siekes.

Vers 3

Wat is 'n sleutelwoord in die gedeelte?

Salig – dit kom nege keer in hierdie verse voor.

Wat beteken salig?

Vir die betekenis moet 'n mens Skrif met Skrif vergelyk, soos wat 'n mens met elkeen van hierdie spreuke sal moet doen. Salig of sinonieme van salig word in die volgende Skrifgedeeltes gebruik: Mat 5:4-11, Mat 11:6, Mat 13:16, Mat 24:46; Psa 1:1, Psa 2:12, Psa 32:1-2, Psa 41:1, Psa 84:12, Psa 112:1; Psa 119:1-2, Psa 128:1, Psa 146:5; Pro 8:32; Isa 30:18; Luk 6:20, Luk 6:21-26, Luk 11:28; Joh 20:29; Rom 4:6-9; Jam 1:12; Rev 19:9, Rev 22:14

Salig beskryf iemand wat gelukkig is of baie gelukkig is. Jesus noem dus sekere mense salig of gelukkig of geseënd.

Wat beteken *arm van gees*?/ Hoe is iemand wat *arm van gees* is?

Uit die volgende Skrifgedeeltes Mat 11:25, Mat 18:1-3; Lev 26:41-42; Deu 8:2; 2Ch 7:14, 2Ch 33:12, 2Ch 33:19, 2Ch 33:23, 2Ch 34:27; Job 42:6; Psa 34:18, Psa 51:17; Pro 16:19, Pro 29:23; Isa 57:15, Isa 61:1, Isa 66:2; Jer 31:18-20; Dan 5:21-22; Mic 6:8; Luk 4:18, Luk 6:20, Luk 18:14; Jam 1:10; Jam 4:9-10 word die volgende duidelik:

- Iemand wat *arm van gees* is, is soos 'n kind teenoor wyse en verstandige mense. Dit is dus iemand wat nie op eie insigte staat maak nie, maar graag by die Here wil leer (Matt 11:25)
- Dit is iemand wat homself nie belangriker as ander mense beskou nie, maar weet dat hy afhanklik is soos 'n kind (Matt 18:1-3)
- Dit is iemand wat homself voor God verootmoedig en verneder. Dus iemand wat sy eie kleinheid voor God besef en erken en geheel en al afhanklik is van die Here se genade en daarom ontsag het vir God

Waarom noem Jesus so 'n mens gelukkig?

Want die koninkryk van die hemele behoort aan hom.

Wat is die koninkryk van die hemele?

Dit is die Joodse manier om van die koninkryk van God te praat. Dit beteken dat God Koning is en Hy regeer oor mense deur sy Woord en Gees.

Hoe behoort die koninkryk van die hemele aan hulle?

Hulle is burgers in die koninkryk van die hemele – wat beteken dat God hulle Koning is en hulle hoor sy stem in die Woord waarvoor die Heilige Gees hulle sensitief maak.

Aangesien hierdie woorde die ingesteldheid van 'n Christen beskryf, beteken dit dat Jesus ons hier leer wat ons lewenshouding behoort te wees.

As Christen behoort ek my eie onvermoë en swakheid voor die Here te erken. In myself moet ek kan raaksien dat ek niks besonders is en vir oorlewing geheel en al van God se genade afhanklik is. Geestelik is ek in werklikheid bankrot. En om waarlik geestelik lewendig te wees, moet ek soos 'n bedelaar by God kom staan.

Om 'n mens se eie geestelike bankrotskap te erken, is dit nodig dat die Heilige Gees 'n mens daarvan deur die Woord oortuig. Van nature is die mens nie geneig om homself so afhanklik en swak te sien nie.

Dus, om waarlik gelukkig en geseënd te wees, moet ek eers my eie ellende en swakheid besef en erken. Dan sal ek so gelukkig wees om 'n burger in God se koninkryk te wees. Hierdie besef en erkenning word eers 'n waarheid wanneer die Heilige Gees my oë daarvoor oopgemaak het.

Vers 4

Wat beteken treur?

Dit is om hartseer en bedroef te wees.

Wie treur?

Dit is die wat arm van gees is wat treur.

Waarom treur hulle?

Uit die volgende Skrifgedeeltes: Psa 6:1-9, Psa 13:1-5, Psa 30:7-11, Psa 32:3-7, Psa 40:1-3, Psa 69:29-30, Psa 116:3-7; Psa 126:5-6; Isa 12:1, Isa 25:8, Isa 30:19, Isa 35:10, Isa 38:14-19, Isa 51:11-12, Isa 57:18; Isa 61:2-3, Isa 66:10; Jer 31:9-12, Jer 31:16-17; Eze 7:16, Eze 9:4; Zec 12:10-14; Zec 13:1; Luk 6:21, Luk 6:25, Luk 7:38, Luk 7:50, Luk 16:25; Joh 16:20-22; 2Co 1:4-7; 2Co 7:9-10; Jam 1:12; Rev 7:14-17, Rev 21:4

Word die volgende duidelik:

- Daar word getreur oor die verwydering wat daar tussen die mens en God gekom het vanweë die mens se sonde.
- Daar word getreur oor vyande wat dreig om die oorhand te kry.
- Daar word getreur wanneer die Here sy aangesig verberg.
- Hulle treur oor hulle onvermoë en hulle sonde.

Wat word aan hulle belowe?

Hulle sal vertroos word.

Wat is hierdie troos?

Die troos is die vergifnis van sonde wat hulle ontvang en die sekerheid dat hulle regtig deur God vergewe is – Hy droog hulle tranes af.

As Christen wat die beeld van Christus dra, moet ek treur oor my eie sonde, want dit veroorsaak dat daar tussen God en myself 'n verwydering kom. God verberg sy aangesig van my wanneer ek my nie wil bekeer van my ongeregtheid nie.

As Christen behoort ek ook bedroef te wees oor my sonde omdat my sonde veroorsaak dat ek nie aan die Here die eer toebring wat ek aan Hom verskuldig is nie. Wanneer ek dan wel treur oor my eie sonde eer ek die Here omdat ek met my tranes my eie ellende en swakheid bely maar ook God se regverdigheid wanneer Hy toornig word oor my onreg.

As Christen treur ek nie net oor my eie sonde nie, maar ook oor die sonde van ander Christene omdat ek weet watter verwydering daar ook tussen God en hulle is vanweë die sonde – ek het dit immers al self beleef. Dit is hierdie hartseer oor sonde wat ook myself sal temper wanneer ek 'n ander Christen oor sy sonde moet vermaan

en help om dit te oorwin. Ek sal graag 'n ander Christen wil bystaan, want die Here belowe troos – vergifnis en sekerheid oor die vergifnis – ek het dit al beleef.

Vers 5

Wat beteken sagmoedig?

Uit die volgende Skrifgedeeltes Mat 11:29, Mat 21:5 leer ons dat Jesus Homself sagmoedig noem. Hy tree nie met hardheid en onverbiddelikheid op nie. Omdat Hy weet dat sy pad reg is, loop Hy daarop met vasberadenheid en getrouheid. Hy wandel immers in die wil van sy Vader.

Die mens wat dat dan sagmoedig is, vertoon hierdie eienskap van Christus in sy lewe. Hy het nie nodig om met geweld en 'n geskree sy punt te maak nie. Aangesien hy hom daarop toelê om in die wil van God te lewe, doen hy sy werk en spreek hy sy woord in getrouheid en vasberadenheid. Die uitkoms van sy werk en woorde lê vas in die raad van God. So 'n mens is ook nederig, want hy weet dat dit nie oor hom gaan nie, maar oor God.

Wat word aan die sagmoediges belowe?

Die sagmoediges sal die aarde beërwe.

Wat word met die aarde bedoel?

Uit die volgende gedeeltes Psa 25:13, Psa 37:9, Psa 37:11, Psa 37:22, Psa 37:29, Psa 37:34; Isa 60:21; Rom 4:13 blyk dit dat die aarde nie op die teenswoordige aarde wys nie, maar op die nuwe aarde. Die nuwe aarde is egter die teenswoordige aarde wat deur God nuut gemaak sal word.

As burger van die koninkryk van die hemele het die Christen nie nodig om op tipies wêreldse styl te werk te gaan om iets in die hande te kry nie. Daarom boelie en stamp 'n Christen nie sy pad oop na vorentoe nie. Indien hy in 'n leiersposisie is trap hy nie op ander mense nie en hy verskree hulle nie om sy punt oor te bring nie.

As Christen behoort ek my werk met vasberadenheid te doen en in alle getrouheid aan God. Daarom moet ek aanhoudend bid en smee dat die Heilige Gees my aan die wil van God sal onderwerp, sodat ek met volle oortuiging kan voortgaan met my werk, sonder om angstig en verbouereerd te raak. Die uitkoms van die werk is nie van my persoonlik. Die uitkoms van die werk is God se besluit.

Die belofte van die Here staan immers vas – die aarde sal deur die sagmoediges beërwe word. Hulle werk nie daarvoor nie, want dit is deur God aan hulle toegesê. Die aarde behoort aan die Here en Hy kan dit as erfenis gee aan wie Hy verkies het.

Vers 6

Wat is geregtigheid?

Geregtigheid is dit wat reg is in God se oë. Dit wil sê wat volgens sy wil is.

Geregtigheid beteken ook om in die regte verhouding met God te wees. Dit is 'n verhouding waarin die mens nie meer skuldig staan voor God nie, maar onskuldig omdat Christus die prys vir sy lewe betaal het deur die straf op sy sonde te dra.

Hoe honger en dors 'n mens na geregtigheid?

Honger en dors is van die grootste motiveerders om iets in die hande te kry. Om dan na geregtigheid te honger en te dors, is om 'n verlange en begeerte te hê wat deur niks gebly kan word nie. So 'n honger en dors maak dat 'n mens alles in sy vermoë doen om die geregtigheid te bekom.

Wat word belowe?

Die wat honger en dors na die geregtigheid sal versadig word.

As Christen behoort dit my grootste verlange te wees om volledig binne die wil van God te lewe. Dit beteken eerstens om voor God te mag verskyn. Daarom moet my eerste begeerte Christus te wees, want dit is alleen in en deur Hom dat ons voor God kan verskyn. Wie in Christus glo, sal nie teleurgestel staan nie. God belowe aan so 'n mens geregtigheid – 'n verhouding waarin hy as volle kind van God aangeneem word omdat al sy skuld deur Christus betaal is.

Tweedens beteken dit ook om voortdurend te doen wat reg is in God se oë. Wanneer ek gedryf deur my liefde vir die Here daarna streef om te doen wat reg is in sy oë, belowe die Here dat ek ook hierin versadig sal word. Ek sal dit regkry om God se wil uit te voer, want sy Gees sal my daarin lei – Hy maak my immers gewillig en bereid om vir God te lewe.

Vers 7

Wat is barmhartig?

Iemand wat barmhartig is, help graag 'n ander mens wat in nood is. Aan die wat die kos en klere het nie, gee hy kos en klere. Aan die een wat kwaad aan hom gedoen het, vergewe hy, want hy weet dat hy vergifnis van God ontvang het.

Wat word belowe?

Die barmhartigheid van die barmhartige sal met barmhartigheid beloon word. Die mens wat hom oor ander ontferm en hulle bystaan in hulle nood, sal nooit teleurgestel staan by die Here nie. Hy belowe om barmhartig te wees teenoor so 'n mens.

Barmhartigheid is een van die eienskappe waarmee die Here Homself van die vroegste tye aan ons bekend maak. God is barmhartig. Hy vergewe die mens wat met berou en opregtheid sy skuld teenoor die Here bely. Sy barmhartigheid oor die sondaar is so groot dat Hy nooit weer aan die sonde wat gedoen is, dink nie. Sy barmhartigheid word ook daarin duidelik dat Hy aan die mens alles gee wat hy nodig het om te lewe.

Vir ons wat aan die Here behoort deur Jesus Christus beteken dit dat ons ook hierdie eienskap van ons Vader in die hemel moet vertoon. Ons behoort ander mense opreg jammer te kry. Wanneer hulle in nood verkeer moet ons nie weg kyk nie, maar help soos wat ons kan.

Wanneer ons in alle opregtheid en verantwoordelikheid barmhartig is teenoor ander mense, sal ons nie verarm nie. Die Here belowe dat Hy aan die een wat barmhartig is weer barmhartigheid sal bewys.

Vers 8

Wat is rein van hart?

Om rein van hart te wees beteken dat 'n mens nie verkeerde en kwade gedagtes in jou hart koester nie. Jy tree nie met bybedoelings en verskuilde agendas op nie. Jy is opreg en eerlik in woord en daad.

Wat word belowe?

Die wat rein van hart is, sal God sien?

Hoe sal hulle God sien?

Hulle sal God met hulle eie oë sien.

Omdat Christus as Koning heers in my lewe raak ek ontslae van al die onreg en verkeerde gedagtes in my hart, want dit is dinge wat hoort onder die regering van die Satan waaronder ek nie meer is nie. Deur die geloof reinig die Heilige Gees my hart. In die lig van die Woord laat Hy my die verkeerde dinge in my eie hart raaksien en Hy lei om daarvan ontslae te raak.

Hoe meer ek onder die heerskappy van Jesus Christus verkeer hoe meer wil ek self ook ontslae raak van die onreinheid in my hart. Ek wil my hart en my lewe so hê dat ek nie skaam is oor wat die Here daarin gaan sien nie. Ek wil Hom tevrede stel met my lewe.

Wanneer ek van die verkeerde dinge in my hart en lewe ontslae raak, gaan ek nie 'n verlies lei nie. Inteendeel, die here belowe my dat ek Hom dal sal kan sien soos Hy werklik is.

Vers 9

Wat is 'n vredemaker?

Dit is iemand wat eensgesind en verenig met sy naaste wil lewe (1 Kron 12:17; 2 Kor 13:11). 'n Vredemaker is iemand wat deur die Gees wandel, want vrede is deel van die vrug van die Gees (Gal 5:22). 'n Vredemaker is ook iemand wat wil vergewe soos wat Christus ons vergewe (Kol 3:13). Vrede saam met geregtigheid en blydschap in die Heilige Gees is waaroor dit werklik in die koninkryk van God gaan en dit vorm die basis van waar 'n mens oor sake handel wat die potensiaal het om onrus te veroorsaak – veral wanneer dit by sake kom wat nie wesenlik is nie in 'n mens se verhouding met die Here (Rom 14). 'n Vredemaker handel vanuit die vrede wat God tussen Hom en die mens veroorsaak het.

Wat word van 'n vredemaker geverg?

Hy moet nederig wees. Hy moet ander mense se belange hoër ag sy eie.

Wat word belowe?

'n Vredemaker sal bekend staan as 'n kind van God. Hy vertoon dieselfde gesindheid as sy Vader wat in die hemel is.

As Christen moet dit my strewe wees om in vrede met alle mense te lewe en vrede tussen mense te handhaaf. Vanuit geregtigheid, vrede en blydschap in die Heilige Gees moet ek met sake handel wat die potensiaal het om onrus te veroorsaak.

God het immers ook die begeerte dat daar tussen Hom en mense vrede moet wees en dat die vyandskap tussen mense en Hom tot 'n einde moet kom. Om hierdie vrede tot stand te bring, het Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur om deur die bloed van Christus vrede te bewerk.

Dit beteken dat vrede en vrede maak nie 'n goedkoop proses is nie. As vredemaker moet ek nederig en insiklik wees. Ander mense se belange moet hoër wees as myne. Christus het immers mense se belange so hoog geag dat Hy bereid was om

die straf te dra vir iets waaraan Hy nooit skuldig was nie. Hy het onreg gely, sodat daar vrede tussen God en mense kon kom.

Aangesien ons kinders van God is en bekend wil bly as kinders van God, is dit nodig dat ons ook hierdie gesindheid sal hê. Ons kan nie self hierdie gesindheid aanleer nie, die Heilige Gees gee dit vir ons in. Daarom moet ons aanhoudend bid en die Heilige Gees doelbewus volg om so gesind te word.

Vers 10

Wie word vervolg?

Die mense wat die geregtigheid beoefen.

Wie beoefen die geregtigheid?

Die mense wat honger en dors na die geregtigheid van wie ons lees in vers 6.

Wat is geregtigheid?

Geregtigheid is dit wat reg is in God se oë. Dit wil sê wat volgens sy wil is.

Geregtigheid beteken ook om in die regte verhouding met God te wees. Dit is 'n verhouding waarin die mens nie meer skuldig staan voor God nie, maar onskuldig omdat Christus die prys vir sy lewe betaal het deur die straf op sy sonde te dra.

Waarom word hierdie mense vervolg?

Hulle word vervolg omdat hulle in 'n verhouding met die Here lewe en omdat hulle die Here gehoorsaam.

Wie vervolg hulle?

Dit is dieselfde soort mense wat die profete ook vervolg het (5:12) wat die mense wat die geregtigheid doen nou vervolg.

Hoe word hulle vervolg?

Hulle word van allerhande dinge valslik beskuldig sodat hulle uit die weg geruim kan word deur hulle in die tronk te gooi of dood te maak.

Wat word belowe?

Aan die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid word belowe dat hulle die koninkryk van die hemele het. Hulle is reeds burgers in die koninkryk van die hemele. Die vervolging is bewys daarvan (2 Tess 1:4-7).

As Christene moet ons daarop voorbereid wees dat daar mense sal wees wat ons vervolg. Hulle kan nie verdra dat ons lewe om God te verheerlik nie. Dit is teen hulle grein omdat Christene die regte ding wil doen en nie maak soos wat hulle wil nie.

Die vervolging wat verduur moet word, is nie maklik nie. Dit veroorsaak baie aardse ellende en swaarkry. Christene word in tronke gegooi en daar vergeet. Christene

word doodgemaak. Alles word gedoen om van die Christene of hulle leer ontslae te raak.

Christene het egter die versekering dat die koninkryk van die hemele aan hulle behoort omdat Jesus dit aan hulle toegesê het. Hoewel dit nou moeilik is in hierdie lewe weet hulle dat die Here met hulle op pad is na daardie tyd wanneer daar nie meer vervolging sal wees nie, want in sy volmaakte koninkryk wat aan die kom is, sal al die mense doen wat reg is in God se oë. Daar sal nie meer goddelose mense wees om hulle te teister nie.

Vers 11

Watter verskil word opgemerk?

Jesus praat nie meer net in die algemeen soos in die vorige verse (3 tot 9) nie. Hy praat nou direk met die mense wat na Hom luister *julle*.

Wat doen die mense?

Hulle beledig en vervolg en spreek allerhande kwaad teen die burgers van die koninkryk.

Wie is hierdie mense?

Dit is dieselfde mense wat ook die burgers van die koninkryk in vers 10 vervolg en dieselfde soort mense wat die profete vervolg het (5:12).

Waarom doen die mense dit?

Hulle doen dit aan die burgers van die koninkryk om Christus ontwil.

Wat beteken om *My ontwil*?

Dit beteken dat die burgers van die koninkryk hulle vereenselwig met Jesus en sy leer hulle eie gemaak het. Dit gaan teen die wêreldse mens se grein in om nie krag in jouself te hê nie, maar dit in Jesus te soek. Jesus en dit wat Hy leer en doen, maak dit duidelik dat die mens eintlik swak en ellendig en dood is in die sonde. Dit is hierdie dinge wat die wêreldse mens nie van homself wil hoor nie.

Wat wil die mense bereik teen die burgers van die koninkryk?

Hulle wil die burgers van die koninkryk uit die wegruim deur hulle met beledigings stil te maak. Indien dit nie werk nie, vervolg hulle die burgers sodat die burgers moet vlug uit die gebied uit. En indien dit ook nie werk nie, word allerhande kwaad teen hulle gespreek om hulle in onguns te bring by ander mense en uiteindelik in die tronk en gedood te kry.

As Christen moet ek myself baie gelukkig ag wanneer die wêreldse mense my beledig, vervolg en allerhande kwaad teen my spreek om Christus ontwil. Die rede hoekom 'n Christen gelukkig en geseënd is wanneer hy vervolg word, word eers in die volgende vers genoem.

Die wyse waarop Jesus dit stel *wanneer die mense julle vervolg ensovoorts* maak dit duidelik dat die vervolging en belediging nie opsioneel is nie. Dit is 'n gegewe. Wie ook al aan Jesus behoort, sal vervolg word. Aan Paulus moes gesê word dat hy baie vir Jesus sal ly (Hand 9:16). Jesus het immers self gesê dat die slaaf nie beter is as die eienaar nie, omdat hulle Hom vervolg het, sal hulle ook die dissipels van Jesus vervolg.

Wat behoort 'n Christen oor homself te dink wanneer hy nie beledig of vervolg of valslik van kwaad gepraat word nie? Is so 'n Christen maar net gelukkig dat hy homself meestal tussen ander Christene bevind? Kan dit wees dat sy uitlewing van die geloof nie so duidelik is nie en daarom herken die wêreldse mens hom nie as een wat ter wille van die Satan vervolg moet word nie?

Vers 12

Wie moet hulle verbly en verheug?

Die mense wat om Christus ontwil beledig, vervolg en allerhande kwaad teen gespreek word.

Wanneer moet hulle verbly en verheug wees?

Hulle moet verbly en verheug wees wanneer hulle ter wille van Christus vervolg word.

Wat beteken *verbly* en *verheug*?

Dit beteken om uitbundig bly te wees en te jubel van blydschap.

Waarom kan hulle bly wees?

Hulle kan bly wees omdat hulle loon groot is in die hemele.

Wat is die loon in die hemele?

Die loon in die hemele is al die beloftes wat tot dusver gemaak is: die koninkryk van die hemele behoort aan hulle, hulle sal vertroos word, hulle sal die aarde beërwe, hulle sal aan geregtigheid versadig word, hulle sal barmhartigheid ontvang, hulle sal God sien, hulle sal kinders van God genoem word.

Waarom is die loon groot?

Die loon is groot omdat die beloftes nou reeds geldig is vir hulle – die koninkryk van die hemele is nou al hulle s'n – en die volheid van die koninkryk wat al die ander beloftes insluit, sal volledig hulle s'n wees vir ewig. Dit is 'n loon wat die Here aan sy kinders toe sê en deur niemand van hulle weggeneem kan word nie.

Waarom word daar van die profete van vroeër gepraat?

Die profete van voorheen is ook so deur die ongelowiges vervolg soos wat die ongelowiges die kinders van God tans vervolg. Die profete van voorheen is 'n

motivering vir die kinders van God. Wat met hulle gebeur het, is ter wille van die gelowiges van tans opgeteken, sodat die gelowiges kan sien dat die Here getrou is aan sy beloftes.

As Christen kan ek bly wees en jubel oor die vervolging omdat daar 'n loon vir my in die hemele is wat deur die Here self gewaarborg word. Hy belowe hierdie loon aan my wanneer ek te midde van die vervolging getrou bly aan Hom.

Dit wat aangaande die profete geskryf is en oor die lyding wat hulle beleef het, is neergeskryf om ons wat tans lewe en vervolgt word aan te spoor en gerus te stel. Ons word gerusgestel deurdat ons kan aflei dat die vervolging en lyding nie plaasvind omdat God ons vergeet en verlaat het nie – dit is wat gebeur met mense wat aan die Here behoort. Dit is die normale. Die profete is ook vir ons 'n motivering omdat ons in hulle lewens kan sien hoe getrou die Here teenoor sy kinders is – Hy dra hulle deur die moeilike omstandighede en Hy gee aan hulle die krag om staande te bly te midde van die lyding.

Matteus 5:13-16

Mat 5:13 Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.

Mat 5:14 Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;

Mat 5:15 en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.

Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Vers 13

Wie is *julle*?

Die mense wat aangespreek word, is steeds die mense wat voor Jesus sit en wie Hy in die vorige verse salig genoem het wanneer mense hulle om sy ontwil vervolg.

Waarmee word van die mense vergelyk?

Hulle is die sout van die aarde.

Wat is die doel van sout?

Sout word gebruik om smaak aan kos te gee. Dit word ook gebruik om kos te preserveer.

Waarna verwys *aarde*?

Aarde verwys na die woonplek van die mense teenoor die hemel as die woonplek van God. .

Wat word bedoel met sout wat *laf* geword het?

Dit is sout wat sy krag verloor het. Dit wil sê, die sout gee nie meer smaak aan kos nie, kan kos nie meer preserveer nie.

Wat word met die vraag *waarmee sal dit gesout word geïmpliseer*?

Indien die gelowiges nie meer die sout van die aarde is omdat hulle hulle krag verloor het, is daar nie iets anders wat as sout van die aarde kan dien nie.

Wat word met sulke sout gedoen?

Dit word buite gegooi en deur die mense vertrap omdat dit nêrens meer gebruik kan word nie.

Gelowiges is mense wat deur die Here met sy Gees en Woord verander is. Hulle is kinders van God gemaak. Maar die bedoeling is nie dat hulle nou net in een plek bymekaar moet bly soos sout in 'n soutpot nie. Sout in die soutpot werk nog nie. Dit moet in die kos gegooi word om smaak daaraan te gee of om dit te preserveer.

Gelowiges wat net bymekaar bly, is nog net halfpad aan die werk deurdat hulle net na mekaar omsien. Die Here het bedoel dat gelowiges tussen ander mense teenwoordig moet wees. Maar dan behoort hulle teenwoordigheid 'n uitwerking te hê in die samelewing waarin die Here hulle instuur. Hulle is veronderstel om smaak aan die lewe te gee. Hulle is bedoel as preserving van 'n samelewing – soos wat regverdige 'n preserving van 'n stad soos Sodom kon wees. Hulle behoort ook soos sout 'n samelewing bruikbaar te maak, sodat daar vrug uit so 'n samelewing na vore kan kom.

Maar as gelowiges hulle krag verloor het om 'n verandering in die samelewing te weeg te bring, is hulle vir niks meer bruikbaar nie. Daar is ook nie iets anders

behalwe die gelowiges waarmee die Here in die samelewing werksaam wil wees nie. Dus as gelowiges nie die sout van die aarde wil wees wat die Here bedoel het hulle moet wees nie, werk hulle teen die Here se bedoeling in. So 'n gelowige is ook nie meer werd om in die koninkryk van die hemele te wees nie.

Vers 14 en 15

Waarmee word die mense vergelyk?

Hulle is die lig van die wêreld.

Wat is die doel van lig?

Lig verdryf die duisternis sodat 'n mens kan sien.

Waarna verwys wêreld?

Wêreld kan soos aarde ook na die woonplek van die mens verwys. Maar in die meeste gevalle word die wêreld gebruik as 'n verwysing na die mense wat op die aarde woon.

Hoe het die gelowiges lig geword?

Deur die Here wat hulle sy volgelingen gemaak het.

Hoe hou die stad en die lig met mekaar verband?

'n Stad wat bo-op 'n berg is, kan nie weggesteek geword nie, net so kan 'n lig wat in die duisternis skyn nie weggesteek word nie.

Waarom steek 'n mens 'n lamp op?

Jy steek 'n lamp op om lig te hê in die donker huis.

Wat gebeur wanneer 'n lamp opgesteek word en onder 'n maatemmer gesit word?

Die lig van die lamp kan nie in die huis skyn nie.

Wat gebeur met die lamp wat onder die maatemmer brand?

Dit sal uiteindelik doodgaan omdat daar nie meer suurstof is nie.

Wie is die *almal* wat in die huis is?

Die is al die mense wat die lig nodig het.

Gelowiges is mense wat so deur die Here se Gees en Woord verander is dat hulle veranderde lewens helder sigbaar is in die wêreld waarin hulle woon. Hulle lewens is helder sigbaar omdat dit so radikaal anders is as die lewens van die mense wat van die wêreld is. Die verskil tussen gelowiges se en die wêreld se lewe is so radikaal verskillend soos die verskil tussen lig en duisternis. Die Here maak mense sy kinders juis sodat hulle so totaal anders moet wees om lig te gee in 'n donker wêreld.

Net soos wat 'n stad bo-op 'n berg nie weggesteek kan word nie, net so sal 'n gelowige dadelik herken en raakgesien kan word in die wêreld. Dat 'n gelowige opgemerk gaan word in die wêreld is onvermydelik.

Die Here het immers nie 'n mens 'n gelowige gemaak om hom weg te steek vir die wêreld nie. Net soos wat 'n mens ook nie 'n lamp opsteek en onder 'n maatemmer neersit nie. Jy steek tog die lamp om en sit dit op 'n plek waar dit lig kan gee vir almal in die huis. Die Here het 'n mens 'n gelowige gemaak, sodat die lig uit die gelowige uit kan lig maak vir die mense rondom hom. Die lig is die weerkaatsing of uitstraling van die heerlijkheid van die Here. Die ander mense moet juis die heerlijkheid en grootheid van die Here in die lewe van die gelowige raaksien en daardeur aangetrek word.

'n Gelowige wat egter die lig in hom wil toe hou sodat die wêreld dit nie moet sien, sal nie die lig kan behou nie. Soos die lamp onder die maatemmer uiteindelik sal ophou brand, so sal die lig in die gelowige ook al dowwer begin word en blus. Die lamp het suurstof nodig. Die Heilige Gees is die suurstof vir die gelowige en die Woord is die brandstof vir die gelowige. Daarom het die gelowige nodig om aan te hou bid vir die suurstof en die brandstof sodat hy die heerlijkheid van die Here in die wêreld kan laat skitter.

Vers 16

Watter lig moet skyn?

Die gelowiges wat self die lig van die wêreld is, moet skyn.

Hoe skyn 'n gelowige?

'n Gelowige skyn deur goeie werke te doen.

Waar skyn 'n gelowige?

'n Gelowige skyn voor mense.

Waarom skyn 'n gelowige?

'n Gelowige skyn sodat die mense sy goeie werke kan sien en die vader wat in die hemele is kan verheerlik.

Hoe verskil *laat julle lig so skyn van julle is die lig van die wêreld?*

Laasgenoemde is 'n stelling wat gemaak word en eersgenoemde is gevolglike werk wat gedoen moet word.

'n Gelowige is 'n lig van die wêreld omdat hy 'n volgeling van die Here gemaak is. Deurdat hy glo, is die bewys daar dat die Heilige Gees in so 'n mens teenwoordig is. En waar die Heilige Gees teenwoordig is, kom daar 'n verandering in die mens se lewe. Sy manier van optree begin gaande weg verskil van die wêreld se manier van

optree. Soos 'n lig in die duisternis opgemerk sal word (vers 14, 15), so sal 'n gelowige opgemerk word in die wêreld.

Aangesien die Here van die gelowige 'n lig van die wêreld gemaak het, moet die gelowige nou eenvoudig wees en doen wat die Here van hom gemaak het. 'n Lig is gemaak om te skyn. Deur sy Gees en Woord het die Here die gelowige aan die brand gestee, sodat hy kan lig skyn in die wêreld.

Die lig wat uit die gelowige uitstraal, is die radikaal anderste manier van optree in die wêreld – anders as waaraan die wêreld gewoond is. Om gelowig te lewe is nie 'n keuse vir die gelowige nie – dit wil sê, dit is nie opsioneel nie – gelowig wees en gelowig leef, is die spontane en logiese gevolg van die werk van die Gees en Woord in so 'n mens se lewe.

Die gelowige moet doelbewus (só) gelowige voor die mense lewe, sodat die mense sy goeie werke kan sien en die Vader in die hemele kan verheerlik. Dus moet die gelowige doelbewus radikaal anders lewe, sodat die mense nie daarvoor sal twyfel nie dat iets bonatuurlik in die gelowige aan die werk is. Die gelowige sal dit alleenlik kan regkry as hy aanhoudend naby die Here lewe, vra dat die Heilige Gees sy lewenswandel rig en bepaal en die Woord van die Here indrink soos melk.

Matteus 5:17-20

Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

Mat 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

Mat 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

Mat 5:20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Vers 17

Waarom sê Jesus hier wat Hy sê?

In vers 11 en 12 het Jesus al genoem dat die gelowiges ter wille van Hom vervolgd sal word, net soos wat die mense vroeër met die profete gedoen het. Alhoewel Jesus tot dusver nog niks oor die wet gesê het in die Bergrede nie, is dit tog moontlik dat die Fariseërs en die skrifgeleerdes reeds met Jesus gebots het oor die wet. En daardie botsing sou die gerug laat ontstaan dat Jesus revolusionêr is ten opsigte van die wet en die profete.

Wat bedoel Jesus met *ontbind* en *vervul*?

Met *ontbind* bedoel Jesus tot niet maak of nie meer laat geld nie.

Met *vervul* bedoel Jesus om die volle betekenis daarvan bekend te maak en dit self tot op die letter te gehoorsaam (vgl. die verklarings van sommige Gebooie later in hierdie hoofstuk).

Waarom praat Jesus van *die wet* en *die profete*?

Met die wet en die profete bedoel Jesus die hele Ou Testament – die wet is God se wil wat bekend gemaak is en die profete is die verklaring en uiteensetting van die wil van God.

Vers 18

Wat is die bedoeling van *want*?

Met *want* word die rede gegee waarom Jesus nie die wet en die profete sal of kan ontbind nie.

Waarna verwys *verbygaan*?

Jesus maak bekend dat daar 'n dag sal aanbreek wanneer die hemel en die aarde nie meer sal bestaan soos wat ons dit nou ken nie.

Maar nie een deeltjie van die wet sal verdwyn – onvervuld wegval – voordat die hemel en die aarde vergaan nie. Intendeel, voordat die hemel en die aarde vergaan, sal alles wat geskryf is, gebeur.

Beteken dit dat die wet tog sal ophou bestaan?

Uit die volgende Skrifgedeeltes Luk 16:17, Luk 21:33, Psa 119:152; Isa 40:8; 1Pe 1:25 is dit egter duidelik dat die Woord of die wet van die Here nooit sal ophou om te bestaan nie.

Die Here is ewig en sy Woord of wet is nooit los van Hom nie en bestaan daarom ook vir ewig.

Vers 19

Wat is die *minste van hierdie gebooie*?

Uit Matt 23:23 en Luk 11:42 blyk dit dat die *minste van hierdie gebooie* na die kleiner wette – die wat meer op die kant lyn is as die twee groot gebooie (Matt 22:37-42) – verwys.

Wat is dit om die *minste genoem te word*?

Uit Matt 11:11 blyk dit dat iemand wat die minste genoem word iemand is wat minder belangrik is.

Groot in hierdie vers verwys dan na die teenoorgestelde van minste – dit wil sê belangrik.

Vers 20

Wat is *julle geregtigheid*?

Julle geregtigheid verwys na die gelowiges se eie voldoening aan die geregtigheid van God (Matt 5:6, 10). Dit wil sê hoe die gelowiges aan die wil van God voldoen.

Wat is die geregtigheid van die skrifgeleerdes en die Fariseërs?

Dit is hoe hulle aan die wil van God voldoen het.

Aangesien Jesus se leer anders was as die skrifgeleerdes en Fariseërs se leer, het hulle die gerug versprei dat Jesus besig was om die wet en die profete te ontbind en daarmee dan ongeldig of nie meer van toepassing te maak nie. Jesus sê dan vir die dissipels wat na Hom luister dat hulle nie die skrifgeleerdes en die Fariseërs se gerug oor Hom in verband met die wet en die profete moet glo nie. Jesus het immers gekom om die wet en die profete juis te vervul.

Wanneer Jesus die wet en die profete vervul, doen Hy presies dit wat in die Ou Testament aangaande Hom, die Seun van God, geskryf staan. Dit wat vroeër aangaande Hom geopenbaar is, het Hy kom doen. Dit beteken verder dat Hy self elkeen van die gebooue presies kom doen het, soos wat sy Vader dit beveel het. Dit is immers net Jesus wat die wet so volmaak kan gehoorsaam soos wat sy Vader dit beveel het. Elke ander mens skiet in een of ander opsig te kort wanneer dit kom by die gehoorsaamheid aan die wet van die Here. En as 'n mens maar net een wet oortree het, is jy skuldig aan die hele wet van die Here (Jak 2:10-11). Vervul dra ook die betekenis dat Jesus die volle betekenis van die wet aan die mense kom leer, soos dit ook duidelik word in die res van Matteus 5 wanneer Jesus sommige van die gebooue van die tweede tafel van die wet aan sy dissipels leer.

Jesus gaan verder deur 'n rede te gee waarom Hy nie die wet en die profete sal of kan ontbind nie. Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as wat een van die gebooue van die wet onvervuld gelaat sal word. Trouens, hiermee gaan Jesus juis terug op die openbaring deur die profete, vergelyk Jesaja 40:8, dat die wet van die Here nie tot 'n einde sal kom nie, want dit staan vir ewig vas.

Jesus se koms na hierdie wêreld en sy vervulling van (gehoorsaamheid aan) die wet, het nie beteken dat die wet nou geheel en al nie meer geld vir Christene nie. Hy het inderdaad die wet in ons plek volmaak gehoorsaam, want Hy het aan die regverdige eis van sy Vader kom voldoen waaraan ons nie kan voldoen nie. Verder het Jesus ook nog die wet vir ons in sy diepe en ryke betekenis kom verklaar, sodat ons nie in lyn met ons sondige aard net by die

oppervlakkige betekenis sal vassteek nie. Dit word duidelik in die res van Matteus 5 wanneer Jesus sommige van die wette op die tweede tafel vir ons verklaar.

Die ewige voortbestaan van die wet van die Here word ook vir ons daarin duidelik dat die profesie van Jeremia aangaande die nuwe verbond juis daarin vervul word dat die Heilige Gees die wet op die tafels van die gelowiges se harte kom skryf. Die wet kan dus nie maar net verdwyn nie, die Heilige Gees maak dit dan deel van die Christen se lewe van elke dag.

Jesus het die seremoniële wette vervul en deur sy bloedstorting aan die kruis 'n einde daaraan gemaak. Daarom staan 'n Christen nie meer verplig om hierdie wette te gehoorsaam nie. Die Fariseërs was egter noulettend om van alles in hulle huis 'n tiende aan die Here te gee, maar die belangrike dinge soos barmhartigheid en geregtigheid teenoor hulle naaste het hulle nagelaat (Matt 23). Daarop het Jesus gesê dat 'n mens die belangrike dinge moet doen en die ander nie nalaat nie.

Diens aan die Here sluit 'n mens se hele lewe in. Daarom moet 'n Christen in elke deel van sy lewe getrou wees aan die Here. Wie in die klein dingetjies getrou is, sal en behoort ook in die groot dinge getrou te wees.

Maar die Christen se regverdiging voor God is nie afhanklik van sy gehoorsaamheid aan die wet nie. Inteendeel, die wet bring ons by Christus uit weens die swakheid van ons natuur. Ons kan self nie die wet volkome gehoorsaam nie, maar Christus het dit in ons plek gedoen. Hy is volmaak regverdig voor sy Vader in die nakoming van die wet. Deur die geloof is Christus ons geregtigheid voor God. Sy volmaakte werke word deur die geloof aan ons toegereken.

Maar dit beteken nie dat die wet nou vir ons nutteloos geword het nie. In die wet toon die Heilige Gees immers die Here se karakter aan ons. En wanneer ons by Christus gekom het, lei die Heilige Gees ons terug na die wet om hoe langer hoe meer ook die karakter van die Here in ons lewens te vertoon. Deur die wet leer ons hoe om waarlik beeld van God te wees in ons lewe van elke dag.

Matteus 5:21-26

Mat 5:21 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg.

Mat 5:22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.

Mat 5:23 As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het,

Mat 5:24 laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.

Mat 5:25 Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie.

Mat 5:26 Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.

Vers 21

Waarom sê Jesus *julle het gehoor*?

Die mense wat deur Jesus geleer word, het nie self die wet geles nie, maar hulle het net gehoor hoe die Fariseërs en die skrifgeleerdes dit aan hulle leer.

Wie is *die mense van die ou tyd*?

Dit is die mense van die vorige geslagte sedert die Wet op die berg Sinai gegee is.

Wie het dit aan die mense van die ou tyd gesê?

Moses en die Leviëte na hom het dit aan die mense gesê omdat God dit aan die mense gesê het.

Wat is aan die mense van die ou tyd gesê?

Die sesde gebod: Jy mag nie doodslaan nie.

Waar word gesê dat die een wat doodslaan verantwoording moet doen?

Dit was by die toepassing van die sesde gebod wat die Here vir Moses geleer het. Ons lees daarvan in Exo 21:12-14; Num 35:12, Num 35:16-21, Num 35:30-34.

Vers 22

Waarom begin Jesus met *Maar Ek sê vir julle*?

Jesus stel Homself teenoor die eng verklaring van die sesde gebod deur die skrifgeleerdes en die Fariseërs, en Hy doen dit met gesag.

Wat beteken dit om sonder rede kwaad te wees?

Dit is om kwaad te wees vir iemand omdat jy te na gekom voel, soos Kain teenoor Abel (Gen 4:5-6) en Saul teenoor Dawid (1 Sam 18:8-9).

Wie is die broeder van wie Jesus praat?

Dit is enigiemand anders, dit wil sê jou naaste.

Wie is die gereg voor wie verantwoording gedoen moet word?

Dit is die manne wat in die poort gewoonlik 'n regspraak aangehoor het.

Wat word bedoel met *Raka*?

Dit is om trots te wees oor iets waaroor 'n mens nie regtig trots kan wees nie. Dit kom daarop neer dat 'n mens ydel is. Jy is in werklikheid leeg en sonder waarde.

Wie is die Groot Raad?

Dit is die Sanhedrin en die hoogste gesag onder die Jode.

Wat word bedoel met *dwaas*?

'n Dwaas is iemand wat nie die Here as God erken nie.

Wat is die hel?

Dit is die plek van ewige verlorenheid waarin die duiwel ook gewerp sal word.

Vers 23 en 24**Hoe staan hierdie verse in verband met die vorige?**

In hierdie verse sowel as in die volgende twee verse gee die Here 'n voorbeeld hoe 'n mens moet maak om te keer dat jy of jou broer 'n oortreder word van die sesde gebod.

Wat beteken dit om jou gawe na die altaar te bring?

Dit is 'n gawe wat gebring word om te offer.

Watter offer dit ook al mag wees – die offer het te doen met die mens wat die offer bring en sy verhouding met die Here. Die offer is dan die teken dat die mens se verhouding met die Here herstel word.

Wat is opmerklik uit die tweede deel van vers 23?

Die een wat die offer bring, onthou dat sy broer iets teen hom het – nie hy wat iets teen sy broer het nie.

Waarom moet hy sy offer by die altaar los en eers homself met sy broer versoen?

Die feit dat sy broer iets teen hom het, het 'n invloed op sy verhouding met die Here. Hy kan nie maak asof alles reg en daarom kan hy die Here dien nie. Die twee tafels van die wet staan nie waterdig teenoor mekaar nie.

Vers 25 en 26**Wie is jou teëparty?**

Dit is die persoon wat iets teen jou het.

Waarheen is jy saam met hom op pad?

Uit die res van die sin blyk dit dat jou teëparty met jou na die hof toe op pad is.

Wat beteken dit om goedgesind te wees?

Dit beteken dat jy insiklik moet wees en erken waar jy gefouteer het teenoor hom.

Wat sal anders gebeur?

Jy sal voor die regter beland wat op 'n kliniese manier na die saak gaan kyk en jou vir jou skuld aan die geregsdienaar oorhandig en hy sal jou in die tronk si om die vonnis uit te dien.

Wat is die gevolg?

Jy sal in die tronk bly tot jy die laaste krieseltjie skuld afbetaal het. Daar sal nie genade wees nie.

Dit is duidelik uit hierdie aanhaling van die sesde gebod dat Jesus inderdaad nie gekom het om die wet en die profete te ontbind nie. Hy haal die gebod en die toepassing van die gebod soos sy Vader vir Moses geleer het net so aan soos dit geskryf staan.

Hieruit is dit duidelik dat Jesus Homself nie teenoor die Wet en die profete kom stel nie. Dit is eerder Jesus wat Homself hier teenoor die valse leer van die Fariseërs en die skrifgeleerdes kom stel. Hulle het graag die wet van die Here beperk deur nie tot die volle diepte daarvan deur te dring nie. Ander kere het hulle weer soveel kleinigheidjies by gevoeg wat verder gaan as wat die Here inderwaarheid gesê het.

In die geval van die sesde gebod het die leraars die gebod beperk net tot die letterlike doodslaan van iemand anders. Jesus maak dit egter duidelik dat die sesde gebod wyer strek as wat die skrifgeleerdes en die Fariseërs geleer het. Doodslaan begin by kwaad wees sonder rede. In Kain se geval het sy kwaad wees vir Abel daarop uitgeloop dat hy vir Abel doodgemaak het. Die oortreding van die sesde gebod begin dus in die gedagtes van die mens deurdat hy sonder rede kwaad is.

Dit gaan ook oor die woorde wat 'n mens sê. Wanneer jy in jou kwaad wees vir iemand anders 'n skellende woord uitspreek aangaande sy morele waarde of sy waarde voor God het jy 'n oordeel oor hom uitgespreek en daarmee hom inderwaarheid met jou woorde doodgemaak.

Deurdat Jesus die plek van verantwoording telkens hoër opneem – van die gereg, na die Groot Raad tot by die hel – wys daarop dat enige neiging om die sesde gebod te oortree om verantwoording roep voor God self.

In die volgende vier verse gee die Here twee voorbeelde hoe 'n mens kan verhoed dat jyself of jou naaste skuldig word aan die sesde gebod deur verkeerde gedagtes of woorde van mekaar te hê. In die eerste voorbeeld wys Jesus daarop dat 'n mens se verhouding met die Here nie waterdig afgeskei is van 'n mens se verhouding met jou naaste nie. 'n Mens se verhouding met jou naaste is immers die resultaat van 'n mens se verhouding met die Here.

Daarom kan 'n mens nie lewe en optree in jou verhouding met die Here asof alles reg is met jou naaste terwyl jy weet dat jou broer iets teen jou het. Hy kan kwaad wees vir jou en dit is reeds deel van oortreding van die sesde gebod. Jy het 'n verantwoordelikheid teenoor jou naaste deur te keer dat hy homself aan die sesde gebod skuldig maak. Indien jy dan weet dat jou broer iets teen jou het, moet jy maar eers met hom gaan versoen voordat jy jou offer bring wat simbool sal wees dat jou verhouding met die Here ten opsigte van elke saak in jou lewe reg is.

Met hierdie voorbeeld leer Jesus ons dat ons nie oor ons verhouding met die Here moet lieg nie. My verhouding met die Here smeer nie ongelukkige verhoudings met

my naaste toe nie. Vir sover dit binne ons vermoë is, moet ons in vrede lewe met alle mense (Rom 12:18).

In die tweede voorbeeld gaan dit oor 'n hofsaak waarheen jou teëparty met jou op pad is. Wanneer die verhouding tussen jou en jou naaste al so versleg het, lê kwaad wees bo op die oppervlak. Jou teëparty is nou daarop uit om jou aan die gereg oor te gee, want hy wil jou voor sy oë verwyder. In die oë van die Here is hierdie gesindheid heimlik moord.

Indien jy nie gou goedgesind is teenoor jou teëparty nie, gaan hy voortgaan met hierdie regsding en dus ook voortgaan met die heimlike moord terwyl jy hom toelaat om hom skuldig te maak aan die sesde gebod. Om jou naaste van hierdie verkeerde gesindheid af te kry, moet jy jou eie trots in die sak steek en goedgesind wees teenoor hom.

Dit beteken dat jy onder andere jou skuld erken deur insiklik te wees en tot 'n skikking te kom voordat hy jou aan die regter oorgee. Indien jy dit nie gaan doen nie, sal dit jou baie duur te staan kom. Die regter gaan dan nie luister na jammerte nie. Hy gaan die saak klinies beoordeel en vir jou skuld sal jy gevonniss word. Die geregsdienaar sal jou in die tronk sit tot jy die laaste dag van jou vonnis uitgedien het.

Met hierdie voorbeeld leer die Here ons dat ons eie trots nooit meer moet weeg as ons naaste se verhouding tot die Here nie. Die prys wat 'n mens betaal omdat jy op jou regte wil staan, is heeltemal te hoog. Dit is nie net jou naaste wat dan skuldig staan voor die Here oor die sesde gebod nie, maar ook jy, want nou gaan jy ook haatlike gedagtes teenoor jou naaste en elkeen wat meegedoen aan jou vonnis hê. Sodoende is jou eie verhouding met die Here skade aangedoen.

Matteus 5:27-32

Mat 5:27 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie.

Mat 5:28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.

Mat 5:29 As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.

Mat 5:30 En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.

Mat 5:31 Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee.

Mat 5:32 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.

Vers 27 en 28

Waarom sê Jesus *julle het gehoor*?

Die mense wat deur Jesus geleer word, het nie self die wet geles nie, maar hulle het net gehoor hoe die Fariseërs en die skrifgeleerdes dit aan hulle leer.

Wie is *die mense van die ou tyd*?

Dit is die mense van die vorige geslagte sedert die Wet op die berg Sinai gegee is.

Wie het dit aan die mense van die ou tyd gesê?

Moses en die Leviete na hom het dit aan die mense gesê omdat God dit aan die mense gesê het.

Wat is aan die mense van die ou tyd gesê?

Die sewende gebod: Jy mag nie egbreek nie.

Anders as by die sesde gebod (vers 21-26) word hier nie gesê dat daar en waar daar verantwoording gedoen moet word by die oortreding van die gebod nie. Tog word daar in Levitikus 20:10 en Deuteronomium 22:22-24 beveel dat die man en vrou wat owerspel pleeg gestenig moet word.

Jesus gaan hier egter nie in op die verantwoording, soos by die sesde gebod nie. Die klem val eerder op wanneer daar egbreek gepleeg word omdat die Fariseërs en skrifgeleerdes graag hierdie gebod beperk het tot die eintlike daad van owerspel.

Waarom begin Jesus met *Maar Ek sê vir julle*?

Jesus stel Homself teenoor die eng verklaring van die sesde gebod deur die skrifgeleerdes en die Fariseërs, en Hy doen dit met gesag.

Is dit net mans wat na vroue kyk?

Nee, vrou kyk ook na mans – Potifar se vrou is 'n voorbeeld hiervan (Gen 38:7-23) en Ohola en Oholiba van wie die Here in Esegïel 23 profeteer.

Hoe kyk 'n mens om te begeer?

Dit is wanneer jy deur dit wat jy sien in jou gedagtes beelde vorm van die ander een se liggaam en van daad wat jy met die ander een graag sal wil doen.

Vers 29 en 30

Hoe laat 'n mens se oog en hand jou struikel?

Wanneer 'n mens se oog na iemand van die ander geslag met begeerte kyk en jou hand iets doen om uitdrukking aan daardie begeerte te gee, het die begeerte al na die sondige daad gevorder. Sodoende het jou oog en hand jou dan laat struikel en verhinder om aan die Here getrou te bly.

Hoe moet die oog uitgeruk en die hand afgekap word?

Hierdie uitruk en afkap word figuurlik bedoel. Dit kom daarop neer dat 'n mens die sondige begeerte wat die oog lei om te kyk en die hand lei om te doen afsterf, so afsterf dat dit wat daardie sonde betref jy blind en vermink is (Rom 6:6; 8:13; 1 Kor 9:27; Gal 5:24).

Wat dui *want* in albei die verse aan?

Met *want* gee die Here in albei gevalle die rede hoekom daar so drasties met die oog en hand te werk gegaan moet word.

Verse 31 en 32

Waar kom die bevel vandaan dat 'n man aan sy vrou 'n skeibrief kan gee as hy van haar skei?

Dit is 'n bepaling wat die Here aan Moses gegee het (Deut 24:1).

Waarom het die Here hierdie bepaling gegee?

Weens die hardheid van die mense se harte (Mark 10:5).

Was egskedding deel van die oorspronklike bedoeling van die Here?

Nee, sy bedoeling is dat die man en vrou saam sal wees lewenslang, want wat god saamgevoeg het, mag geen men skei nie (Mark 10:7-9).

Wat is die enigste geldige rede vir skei?

Hoerery omdat 'n getroude wat hoerery gepleeg het reeds sy huwelik verbreek het.

Moet 'n man en vrou skei as hoerery plaasgevind het?

Nee, egskedding is die noodwendig nie. Die Here gee hoerery net as 'n rede en nie as 'n noodwendigheid vir egskedding nie.

Wanneer vind egbreuk plaas by egskedding?

Wanneer die vrou of die man dan met iemand anders trou en gemeenskap het.

Is die egbreuk wat gepleeg word 'n daad of 'n toestand?

Die tydsvorm (Praesens en Aoristos) dui albei 'n punktuele handeling aan. Dit wil sê dit is 'n daad wat gepleeg word en nie 'n toestand waarin geleef word nie.

Uit die aanhaling van die sewende gebod, is dit weereens duidelik dat Jesus nie gekom het om die wet en die profete te ontbind nie. Hy stel Hom in sy gesagvolle uitspraak nie teenoor die wet soos sy vader dit afgekondig het. Jesus stel Hom teenoor die Fariseërs en die skrifgeleerdes se enge verklaring van die sewende gebod.

'n Mens pleeg nie net egbreuk wanneer jy by die vrou van jou naaste ingaan nie ook nie wanneer 'n vrou eers toelaat dat haar naaste se man by haar ingaan nie. Dit is

egter ook nie net getroudes wat egbreek pleeg nie. Selfs mense wat verloof is, kan egbreek pleeg omdat die meisie of die man reeds aan iemand anders verloof is.

Jesus begin nie by die misdaad van egbreek self nie, maar gaan terug na die begin en die oorsprong van die misdaad. Dit begin by die wyse waarop 'n man na 'n vrou kyk of ook hoe 'n vrou na 'n man kyk. Wanneer daar in die hart – dit is die gedagtes – van die een wat kyk beelde gevorm word van die ander een se liggaam en dae wat met die ander een se liggaam gedoen kan word, het so 'n mens wat kyk reeds in sy en haar hart egbreek gepleeg met daar die mens. Die begeerte om die gebod van die Here te oortree, is reeds oortreding van die gebod.

Vers 29 en 30 is weer voorbeelde wat die Here gee om te keer dat 'n mens die sewende gebod oortree (vgl. Matt 5:23-25). Die sonde begin altyd baie klein en nie met die misdaad self nie. Dit is die oog wat kyk en die hand wat doen na aanleiding van wat die oog gesien het en albei word aangedryf deur die begeerte wat in die hart opgekom het toe die oog gesien het.

So drasties as wat die mens moet optree in die vorige verklaring van die sesde gebod (Matt 5:23-24), so drasties moet hierdie mens wat die sewende gebod betref ook optree. Daardie een liggaamsdeel wat 'n mens laat struikel en sodoende verhinder om getrou te bly aan die Here moet afgesterf word.

Dit is immers nie net daardie een liggaamsdeel wat die misdaad pleeg nie, maar dit sleep die hele liggaam om deel te hê aan die misdaad en uiteindelik veroordeel te word. Daarom is dit beter om eerder daardie een liggaamsdeel prys te gee as om deur die een liggaamsdeel heeltemal verlore te gaan omdat jy toegelaat het dat dié liggaamsdeel jou tot die misdaad lei.

In verse 31 en 32 waarsku die Here aangaande egskeidings. As gevolg van die mens se hardheid van hart gebeur dit dat mense as gevolg enige onbenullige rede egskeidings aangaan. Ter wille van orde het die Here bepaal dat 'n man aan sy vrou 'n skeibrief moet gee wanneer hy van haar skei. Hierdie ordereëling is deur die mens in sy sondigheid aangegryp om nou oor enigiets te skei.

Wie egter om enige ander rede as oor hoerery skei, veroorsaak dat die man of vrou egbreuk pleeg sodra daardie persoon met iemand anders trou. En elkeen wat met so 'n geskeide persoon trou, pleeg ook egbreuk. Hierdie egbreuk wat gepleeg word, is 'n daad en nie 'n toestand waarin die mense leef nie.

Hoerery is reeds egbreuk wat gepleeg is. Indien 'n man of 'n vrou hoerery gepleeg het, het daardie persoon hulle huwelik verbreek. Na hoerery is egskeiding nie 'n noodwendigheid nie. Hoerery word net as die enigste geldige rede vir egskeiding deur Jesus aangegee.

Matteus 5:33-37

Mat 5:33 Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou.

Mat 5:34 Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie—nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is;

Mat 5:35 ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning;

Mat 5:36 ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie.

Mat 5:37 Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.

Vers 33

Waarom sê Jesus *julle het gehoor*?

Die mense wat deur Jesus geleer word, het nie self die wet geles nie, maar hulle het net gehoor hoe die Fariseërs en die skrifgeleerdes dit aan hulle leer.

Wie is *die mense van die ou tyd*?

Dit is die mense van die vorige geslagte sedert die Wet op die berg Sinai gegee is.

Wie het dit aan die mense van die ou tyd gesê?

Moses en die Leviëte na hom het dit aan die mense gesê omdat God dit aan die mense gesê het.

Wat is aan die mense van die ou tyd gesê?

Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou.

Hoe verskil hierdie onderrig van die vorige twee (vers 21 en 27)?

Die onderrig aan die mense van die ou tyd in vers 21 en 27 is direkte aanhalings uit die Tien Gebooie. Die onderrig in vers 33 is nie 'n direkte aanhaling van een van die Tien Gebooie nie, maar dit is 'n aanhaling uit die Wet (Pentateug) wat verband hou met die derde gebod (vgl. Lev 19:12; Num 30:2; Deut 23:21).

Vers 34 tot 36

Hoe verskil Jesus se gesagvolle onderrig hier in vergelyking met sy onderrig by die sesde en die sewende gebod?

By die sesde gebod het Jesus gesê dat elkeen wat op 'n bepaalde manier voel teenoor sy naaste of iets vir sy naaste sê is reeds skuldig aan (heimlike) moord.

By die sewende gebod het Jesus gesê dat elkeen wat met begeerte na 'n vrou kyk, of sommer net van sy vrou skei of met 'n geskeide vrou trou, het egbreek gepleeg.

Telkens is daar gesê op watter ander maniere die sesde en die sewende gebod ook oortree word.

In hierdie geval brei Jesus nie eers uit oor moontlike maniere waarop die derde gebod oortree kan word nie. Hy sê net baie duidelik dat 'n mens hoegenaamd nie moet sweer nie.

Waarom noem Jesus die onderskeie goed waarby gesweer kan word?

Uit Matteus 23:16-22 blyk dit dat die Jode die idee gehad het dat net sekere ede bindend was. Dus moes jy net die regte eedformule gebruik – as jy dit op die een manier sê is jy nie gebind nie, maar as jy dit op 'n ander manier sê is jy wel gebind.

Met die eerste drie – hemel, aarde en Jerusalem – waarby 'n mens kan sweer, wys Jesus daarop dat alles inderdaad aan die Here verbonde is. Die aarde en alles daarop behoort aan die Here (Ps 24). Hoe 'n mens dan ook al jou eed formuleer, jy roep telkens die Here se Naam aan om te getuig oor die waarheid wat jy spreek.

Bedoel Jesus dat 'n mens glad en geheel nie mag sweer nie?

Jesus stel dit hie baie sterk en in oordrewe wyse juis omdat die Jode van die eed iets gemaak het waarmee hulle mekaar kul en indoen. Vir hulle het die eed iets geword waarmee hulle steeds net hulle eie belange dien en nie dink aan die belange van iemand anders nie, wat nog te sê daaraan dink dat hulle die Naam van die Here misbruik.

Jesus het immers self onder eed verklaar dat Hy wel die Christus is, die Seun van God (Matt 26:63-64). God self het ook 'n eed gesweer aan Abraham (Gen 22:16) en aan sy Seun (Ps 110:4).

So het Abraham vir Eliëser 'n eed laat aflê in verband met die vrou wat hy vir Isak moet gaan haal (Gen 24:2-3) en Paulus het ook gesweer dat hy die waarheid praat (Gal 1:20).

Dit is dus in besondere gevalle waar 'n eed gesweer word en nie sommer vir enigiets wat 'n mens sê nie.

Wat is 'n eed?

'n Eed is om God te roep as getuie dat wat jy praat inderdaad die waarheid is, want net God ken die hart van die mens werklik.

Vers 37

Hoe moet 'n mens lewe?

'n Mens se woorde en lewe behoort sodanig te wees dat niemand sal twyfel oor jou woorde nie. As jy ja sê, bedoel jy ja, en as jy nee sê, bedoel jy nee. Indien daar in die normale omgang nodig is om iets by te sê, bestaan die gevaar dat jy gaan lieg en dit is die eie werk van die duiwel (Bose).

'n Mens se lewe en woorde – jou hele karakter – as kind van God moet van so 'n aard wees dat ander mense nie nodig het om jou woorde te bevraagteken nie. God is immers die God van waarheid en Jesus noem Homself waarheid. Wie dus deur Jesus Christus aan God aan behoort, behoort ook hierdie eienskap van liefde vir die waarheid te handhaaf.

Die eed is deur die Here gegee as 'n hulpmiddel weens die swakheid van mense se woorde en weens die beseerde geaardheid van die mens in sy sonde. Leuens is die eie werke van die duiwel. En aangesien die mens van nature as vyand van God gebore word – in sy sonde en ellende – is leuens ongelukkig iets wat van nature by die sondige aard van die mens is.

Deur die inwerking van die Heilige Gees is die gelowige egter in staat om die sonde hoe langer hoe meer in sy lewe te oorwin en dus ook die neiging om leuens te vertel. Hoe duideliker die beeld van Christus in 'n gelowige groei, hoe meer raak die mens ook lief vir die waarheid. 'n Ware kind van God het dus nie nodig om 'n eed te sweer in sy alledaagse omgang nie. Hy vertoon die beeld van Christus en Hy is die waarheid.

Tog kom die gelowige in situasies waar dit egter nodig is om 'n eed te sweer. Aangesien God en Jesus self ede gesweer het, kan die gelowige dit ook in daardie uiterste omstandighede doen, hoewel hy weet dit moes eintlik nie nodig gewees het nie, maar nou lewe ons nog in die wêreld wat tans nog kreun onder die las van leuens.

Matteus 5:38-42

Mat 5:38 Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand.

Mat 5:39 Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe.

Mat 5:40 En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry.

Mat 5:41 En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam.

Mat 5:42 Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie.

Vers 38

Met watter gebod hou hierdie bepaling verband?

Uit die volgende Skrifgedeeltes: Eksodus 21:22-27, Levitikus 24:19-20 en Deuteronomium 19:16-21 blyk dit dat hierdie bepalings verband hou met die sesde gebod. In daardie bepalings word weergegee hoe ver daar met vergelding gegaan mag word. Die vergelding of straf mag nie meer wees as die besering of skade nie.

Vir wie het hierdie bepalings gegeld?

Dit is bepalings wat die Here aan Moses gegee het vir Israel en is dus bepalings wat in Israel onderling gegeld het. 'n Vreemdeling was ook aan hierdie bepalings onderworpe binne die gebied van Israel net soos wat hulle aan die Tien Gebooie onderworpe was in Israel se gebied (vgl. Eks 20:8-11).

Vers 39 tot 42

Waarom sê Jesus dat 'n mens nie 'n slegte mens moet weerstaan nie?

Jesus sê dit in verband met 'n ander bepaling wat die Here ook aan Israel gegee het, naamlik dat hulle nie wraakgierig en haatdraend teenoor mekaar moet wees nie (Lev 19:18). Wraak en haat is die begin van moord. Die mens het egter die geneigdheid om die bepalings van die Here wat hom in 'n bepaalde situasie die beste pas te beklemtoon en van ander bepalings wat ook betrekking het, maar wat hom dan nie pas nie, te vergeet. Vergelding mag nie met haat en wraak gepaard gaan nie. Vir die mens is dit egter nie moontlik om wraak en haat uit vergelding te hou nie. Daarom sê Jesus dat 'n mens nie 'n slegte mens moet weerstaan nie.

Wanneer moet die dissipel die ander wang draai, sy bo kleed ook gee en 'n ekstra myl saam loop?

Dit blyk uit gedeeltes soos Jesaja 50:6, Matteus 27:32; Lukas 22:64 en veral 1 Petrus 2:20-23 dat die gelowige dit moet doen in gevalle waar hy onregverdig lyding moet verduur ter wille van die Jesus. In sulke gevalle moet die dissipel in die voetstaptes van Jesus volg en die wraak aan die Here self oorlaat.

Aan wie moet gegee en geleen word?

Dit begin by die eie volksgenote (Deut 15:7-14) en kring uiteindelik uit tot by die vyand (Rom 12:20).

Die Here het bepalings gegee aangaande die vergelding wat mag plaasvind. In dieselfde mate wat 'n mens iemand anders verlies laat ly het in daardie selfde mate moet die verlies vergoed of vergeld word. Die Here het hierdie bepaling gegee omdat ons mense geneig is om iets erger terug te wil doen vir dit wat ons gely het.

Maar hierdie bepaling moet nie verabsoluteer word nie. Die Here het ook bepaal dat 'n mens nie haatdraend en wraakgierig teenoor jou naaste mag wees nie. In gevalle waar 'n mens onregverdig ly, is dit beter om die onreg te verdra en die wraak aan die Here oor te laat. Hy sien immers om na sy kinders en sal nie een onreg wat hulle

aangedoen is ongestraf laat bly nie. Buitendien oordeel Hy volmaak regverdig. Iets wat ons mense nie kan doen nie.

Dit beteken nie dat die kwaad nooit teengestaan mag word nie. Wanneer die eer van die Here deur die boosheid van 'n mens aangetas word, mag ons nie stilbly nie. Ons moet dan optree. Hierin het Jesus ons immers gewys hoe Hy vir die eer van sy Vader opgestaan het toe Hy die tempel gereinig het.

Dit beteken ook nie dat 'n mens onreg wat jou aangedoen word glad nie mag teengaan nie. Die Here verbied egter dat 'n mens die reg in eie hande neem en vergeld. So 'n vergeldingsdaad gaan nie noodwendig die onreg stop sit nie. In die meeste gevalle veroorsaak so 'n vergelding nog meer onreg. Die owerheid is immers deur die Here aangestel om die kwaaddoeners te straf. Wanneer daar geoordeel moet word oor onreg wat gepleeg is, moet dit gedoen word deur iemand wat onpartydig is in die saak.

In sy verhoor voor die Joodse Raad het Jesus inderdaad presies gedoen wat Hy hier aan sy dissipels geleer het. Toe dit om Homself gegaan het en Hy geslaan en beledig is, het Hy nie gedreig of terug beledig of slaan nie. Hy dit oorgelaat aan sy Vader wat geen onreg ongestraf sal laat bly nie.

Die agtergrond van vers 41 is dat die Romeinse se soldaat 'n Jood kon dwing om sy pakkasie vir een myl ver te dra en nie verder nie. 'n Mens kan jou voorstel dat die Romeine dit graag met die Jode gedoen het om hulle te verkleineer en te manipuleer. Met hierdie woorde leer die Here Jesus die gelowige om daardie kwaad wat die soldaat jou wil aandoen, moet omswaai na iets positief toe. Die soldaat wil jou manipuleer, gebruik dit as 'n geleentheid om 'n vrye daad van liefde te betoon.

Om aan elkeen net te gee wat vra en te leen wat versoek, is nie altyd 'n daad van liefde en gehoorsaamheid aan die Here nie. Die gelowige moet daardie versoeke gebruik as geleenthede om die liefde van die Here in daade maar ook in woorde aan daardie persoon te bring.

Matteus 5:43-48

Mat 5:43 Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat.

Mat 5:44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;

Mat 5:45 sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.

Mat 5:46 Want as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie?

Mat 5:47 En as julle net jul broeders groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie?

Mat 5:48 Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.

Vers 43

Met watter gebod hou hierdie onderrig wat hulle gekry het verband?

Die woorde *Jy moet jou naaste liefhê* hou verband met al ses die gebooue van die tweede tafel.

Waar in die wet staan dit geskryf dat jy jou naaste moet liefhê?

Dit staan in Levitikus 19:18 geskryf.

Waar in die wet staan dit geskryf dat jy jou vyand moet haat?

Die Here was toornig oor die Amalekiete, Ammoniete en Moabiete omdat Amalek oorlog gemaak het teen Israel toe hulle uit Egipte getrek het en omdat Moab en Ammon nie kos en water aan Israel wou gee toe hulle uit Egipte gekom het nie (Eks 17: 14-16; Deut 23:6; 25:17).

Die Fariseërs en die skrifgeleerdes het uit hierdie uitsprake van die Here die afleiding gaan maak dat jy jou vyande moet haat.

Vers 44

Staan dit in die wet dat jy jou vyande moet liefhê?

Ja, in Eksodus 23:4-5. Met gesag bring die Here Jesus 'n regstelling in die skeef getrekte lering van die Fariseërs en skrifgeleerdes.

Hoe moet jy jou die vyand lief hê?

Jesus gee enkele voorbeelde en in elke voorbeeld moet die gelowige presies die teenoorgestelde doen van wat die vyand doen – in die plek van die vloek van die vyand, moet jy hom seën, in die plek van haat, moet jy aan hom goed doen, in die plek van sy belediging en vervolging, moet jy vir jou vyand bid.

Vers 45

Wat word uitgedruk met die woord *sodat*?

Sodat dui die doel aan waarom jy jou vyand moet liefhê deur hom te seën, goed te doen aan hom en bid vir hom.

Wat is die doel?

Die doel van hierdie liefde aan die vyand is om kinders van die Vader in die hemel te wees?

Is hierdie optrede van die gelowige die rede waarom hy kind van die Vader is?

Nee, maar deur die optrede bewys 'n mens dat jy kind van die Vader is, want jy maak soos wat Hy maak (vgl. die volgende deel van die vers en Joh 13:35 en Efes 5:1).

Wat doen die Vader?

Hy laat die son opgaan oor goeies en slegtes en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.

Watter vergelyking kan 'n mens tref tussen die liefde wat ons moet bewys en die optrede van die Vader?

Die liefde wat gelowiges aan ander mense moet bewys, moet so wyd en so seënryk wees soos die sonstrale en reën wat die Vader gee.

Vers 46 en 47

Wat is die bedoeling van hierdie twee verse?

Met verse 46 en 47 gee Jesus die teenstelling van die Vader se optrede. Tollenaars en heidene (vers 47) het net die mense lief wat hulle liefhet en doen net goed aan die mense wat aan hulle goed doen.

Indien gelowiges net die mense liefhet wat hulle liefhet en net goed doen aan hulle wat goed doen aan die gelowiges, vertoon hulle inderwaarheid die beeld van die tollenaars en die heidene en nie die beeld van die Vader nie.

Vers 48

Ten opsigte waarvan moet die gelowiges volmaak wees?

Gelowiges moet ten opsigte van die liefde volmaak wees soos hulle Vader in die hemel.

Die Fariseërs en die skrifgeleerdes het die bevel om jou naaste lief te hê korrek gehad. Dit wil nie sê dat hulle dit altyd in ooreenstemming met die Here se wil verklaar en toegepas het nie, veral nie as 'n mens ingedagte hou wat Jesus in die vorige vyf verse (Matt 5:38-42) geleer het nie. Die woorde *jy moet jou vyand haat* is 'n verkeerde afleiding wat hulle gemaak het na aanleiding van die Here se uitsprake oor Amalek, Moab en Ammon. En die Fariseërs het hulle verkeerde afleiding op dieselfde vlak gestel as die bevel van die Here, so asof die een die teenpool van die ander een is.

Wanneer die Here toornig is op 'n mens gee dit jou nie die reg om ook haatdraend teenoor daardie mens te wees nie. Natuurlik moet alles wat teen God en sy Woord beplan word gehaat word, want dit is inderwaarheid die duiwel se werke en ons moet die duiwel se werke haat. Haat en wraak kom die Here toe, want net Hy kan volmaak regverdig oor 'n saak oordeel.

Die Here het in die wet bepaal dat jy aan jou vyand liefde moet betoon (Eks 23:3-4). Die Fariseërs en skrifgeleerdes het hierdie bepaling gerieflikheidshalwe uit hulle onderrig weggelaat.

Uit hierdie bepaling van die Here om jou vyand ook liefde te betoon, leer ons dat ons naaste inderdaad nie net die mense is van wie ons hou en met wie ons oor die wegkom nie. Elke ander mens is ons naaste. Daarom geld die tweede van die twee groot geboie – jy moet jou naaste liefhê, soos jouself – dan ook vir ons optrede teenoor ons vyande.

In die voorbeelde wat Jesus gee van hoe ons ons vyande moet liefhê, sien ons dat ons optrede elke keer die teenoorgestelde van die vyand se optrede moet wees. As die vyand ons vloek, moet ons hom seën, of eerder die seën van die Here op so 'n mens afbid en ons optrede teenoor hom moet hom nie kwaad aandoen nie, maar vir hom tot seën strek. Dit was gevolg Josef se optrede teenoor Potifar, die tronkbewaarder, die Farao en sy broers. In Jeremia 29 word die ballinge in Babilonië ook opgeroep om die goeie vir die stad waar hulle gevange gehou word, te soek. As jou vyand jou haat, moet jy hom nie terug haat nie, maar aan hom goed doen. As hy jou beledig en vervolg, moet jy vir hom bid.

Hierdie bepaling om die vyand lief te hê was nie net woorde in die Ou Testament nie, die gelowiges van daardie tyd het dit ook geleef. Dawid se optrede teenoor Saul getuig ook van hierdie liefde. Dit is wat die profete aan die konings geleer het (2 Kon 6:22; 2 Kron 28:9-15).

Later in die Bergpredikasie kom Jesus terug hierop wanneer Hy sê dat jy aan ander moet doen wat jy wil hê hulle aan jou moet doen (Matt 7:12). Jesus het dit nie net aan die mense geleer nie, Hy het dit self ook gedoen.

God self is vir die gelowige 'n voorbeeld wat nagevolg moet word. Hy laat die son opgaan oor die wat goed doen en die wat kwaad doen, en Hy laat dit reën op die regverdiges sowel as op die onregverdiges. Wanneer die Here sy liefde en sorg aan sy skepping gee, gee Hy dit sonder onderskeid en sonder voorbehoud. Op hierdie selfde manier moet die gelowige ook die liefde wat hy van die Here ontvang het, gee aan alle mense. Die gelowige se optrede teenoor alle ander mense – vriend en vyand – moet so seënryk wees soos die sonstrale en reën wat die Here gee.

Die gelowige wat so optree, bewys dat hy inderdaad 'n kind van God is, want hy doen presies soos wat sy Vader doen. Die 1953-vertaling laat ongelukkig die opening vir Arminiaanse gedagtes, naamlik dat 'n mens eers kind van God word as jy soos Hy doen. Ons word slegs kinders van God deur die geloof in die verlossing wat Jesus vir ons bewerk het. Die egtheid van hierdie geloof en deel hê aan die verlossing deur Jesus word bewys deur ons dade van liefde soos wat die Vader liefhet.

In teenstelling met die optrede waartoe Jesus die gelowiges oproep, gee Jesus ook die optrede van die ongelowiges weer. Wanneer gelowiges net die mense liefhet wat hulle liefhet en net goed doen aan die mense wat goed doen aan hulle, het hulle nog nie bewys dat hulle anders as die ongelowiges is nie. Tollenaars en heidene doen presies dieselfde.

Die mens se natuurlike reaksie is om aan iemand terug te doen wat hy aan jou gedoen het. Indien jy liefde van iemand anders ontvang het, sal jy weer liefde aan daardie een betoon. Indien iemand anders goed gedoen het aan jou, sal jy weer

goed doen aan hom. Wanneer gelowiges so optree, is daar nog nie 'n duidelike verskil dat hulle anders as die wêreldse mense is nie. En dit is juis wat Jesus van die begin van die Bergpredikasie besig is om te doen. Die mense wat tot die koninkryk van die hemel behoort se optrede in die alledaagse lewe is radikaal anders as die van die wêreldse mense.

Jesus kom terug op die begrip loon in die volgende verse. In aansluiting by die volgende verse beteken dit as jy liefde ontvang het van die wat jy liefhet, het jy jou loon gekry. Terwyl die Here Jesus reeds in vers 12 opgemerk het dat die loon van sy volgelinge nie op die aarde is nie, maar in die hemele. Dissipels van die Here moet radikaal anders lewe as die wêreldse mense.

John Stott het opgemerk: as 'n mens kwaad doen aan iemand wat goed doen aan jou, tree jy duiwels op. As jy goed doen aan iemand wat goed gedoen het aan jou, tree jy menslik op. Maar as jy goed doen aan iemand wat kwaad gedoen het aan jou, tree jy goddelik op.

Gelowiges kan nie in hierdie lewe volmaak word nie – gelowiges kan nie sonder sondes in hierdie lewe wees nie. Maar ten opsigte van die liefde eis die Here dat ons so volmaak soos die Vader sal word. Dit kan alleenlik gebeur wanneer die Heilige Gees voortdurend in ons werk en ons gewillig en bereid bly om na die Here te luister. In so 'n mens het die liefde van God volmaak geword (1 Joh 2:3-5).